**SIMPOSIUM – 31 JANUARIE 2017**

**REFORMASIE 500: GRONDTEKS EN BYBELVERKLARING**

Vrae – daar is maar 'n menigte! Nie net tussen geleerde vakkundiges word daar tydens die 500-jarige viering van die Reformasie in diepte oor die Bybel gepraat nie. Gemeentelede wil ook vandag weet: "Watter grondteks van die Bybel is nou die regte?" "Kan ons die verklarende aantekeninge vertrou wat deesdae in Afrikaans uitgegee word?" "Is ons werklik beter af, as toe ons voorouers nog die Satebybel met verklarende aantekeninge gelees het?" Die Simposium, Reformasie 500: Grondteks en Bybelverklaring, wil gemeentelede graag hieroor dien. U word uitgenooi om te kom deelneem.

**Datum:** Dinsdag, 31 Januarie 2017, **Tyd:** 8:30 – 13:00
**Plek:** AP Kerk Pretoria-Oos, Glenwoodweg 48, Lynnwood Glen, PRETORIA
**Aangebied deur die Fakulteit Teologie van Die Afrikaanse Protestantse Akademie NPC**
**Koste:** Gratis

**PROGRAM**

| TYD | ONDERWERP | PERSOON/PERSONE VERANTWOORDELIK |
|---|---|---|
| 8:30 – 8:45 | **AANKOMS** | |
| 8:45 – 9:00 | **OPENING EN VERWELKOMING** | Prof. JAE (Koos) Adendorff |
| 9:00 – 9:30 | **LESING 1:**<br>Luther se gedagtes oor die Bybel vir elke lidmaat. | Prof. J (Johan) Bosman |
| 9:30 – 10:30 | **LESING 2:**<br>'n Bybels-Reformatoriese model vir die grondteks van die Nuwe Testament. | Prof. GDS (Gerrit) Smit |
| 10:30 – 11:00 | **KOFFIE/TEE** | |
| 11:00 – 12:00 | **LESING 3**:<br>Die Statevertaling met kantaantekeninge as Reformatoriese koersgewing. | GBS wetenskaplike medewerker: Christiaan Bremmer |
| 12:00 – 12:50 | **WERKSESSIE:**<br>"Voedsel vir die Siel" - 'n vergelyking met wat vir gemeentelede vandag beskikbaar is. | AP Kerk Direkteur Kerkadministrasie<br>Ds. JL (Johan) Schütte |
| 12:50 – 13:00 | **SAMEVATTING EN AFSLUITING** | GBS bestuuslid<br>Ds. JA (Jan) Weststrate |

RSVP **voor of op 24 Januarie 2017** per e-pos na info@apa.ac.za